# Kategese

## 19 April 2026

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool:*** ***Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.***

### Groei-goggas: Die arme ryk jong man


"***Goeie leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry***."

Daar is 'n fout in die ryk jong man se vraag en dit het met die klein woordjie **ek** te doen. Hy het baie geld en het al baie goeie dinge gedoen. Hy wonder of hy genoeg gedoen het om die ewige lewe te kry.

Ons gaan oor die fout praat in die jong man se lewe en dan uitvind hoe 'n mens eintlik die ewige lewe as geskenk kry.

***Graad 1-6:*** ***Tydens die erediens in die kerksaal.***

My Blink ID – 'n Hemelse Adres




As kind van die Here is daar belangrike adresse wat deel van jou lewe is. Jy self is 'n adres, 'n aardse adres waar die Helige Gees nou woon. En ons sing oor die adres: "Weet jy nie, weet jy nie, jy's 'n tempel, jy is 'n tempel van die Heil'ge Gees."

Jou ander blyplek is 'n Hemelse adres. Jesus sê in Johannes 14:1: "***In die huis van my Vader is daar baie woonplek … Ek gaan om 'n plek vir julle gereed te maak …***"

In die kinderkerk gaan ons die woord HEMEL as akroniem gebruik om te verduidelik hoe mense soms dink hulle die Hemel as adres kan kry.

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**
**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**
**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**